# DIE MISSIONÊRE UITDAGING VAN DIE ARBEIDSLEWE

J.J. Kritzinger[1]

## OPSOMMING

Hierdie artikel probeer die punt maak dat die kerklike lewe feitlik uitsluitlik op die woonwêreld ingestem is. Mense word bedien by hulle woonplek, en geskool om ander by hulle woonplek te bereik. Daar word nie rekening gehou met die feit dat daar naas hierdie woonwêreld nog 'n wêreld - die arbeidswêreld - is wat nog nie deur die kerk bereik is nie. Dit is dringend nodig dat die kerk homself ook vir die bediening in en aan die arbeidslewe sal motiveer en struktureer, want, nie alleen moet die lig van die evangelie oor die ganse lewe skyn nie, maar die arbeidslewe gee in werklikheid die toon aan ook vir die private lewe. Die buitelyne van hierdie onvoltooide taak word geskets, met besondere verwysing na die Suid-Afrikaanse situasie.

## SUMMARY

This article takes as its point of departure the observation that the church and its theology is largely geared (only) to the residential world. The churches function wherever their members are living and are spending their free (non-working, weekend) time. Even when there is a drive to reach other people, the orientation is likewise geographical. Church is for Sundays. Meanwhile there is an unreached weekday world of economy, politics, labour and finance. People spend the majority of their waking hours working, or longing to work. Not only should the gospel penetrate the whole of reality, but the fact is that this world of work is shaping also the home world. Some aspects of this unfinished task are indicated for the South African church.

'n Primêre taak van die Missiologie (sendingwetenskap) is om die kerk te herinner aan die wêreld buite die kerklike mure. Prof Smit se bediening het dan ook in die teken hiervan gestaan. In 'n groot mate was sy (en ander se) pogings geslaagd, maar een boodskap wat nog maar net nie wil deurkom nie (ten spyte van herhaalde pogings) is die prioriteit van 'n bediening in die arbeidswêreld. Hierdie verteenwoordig 'n missionêre uitdaging van 'n aard en omvang wat moeilik te bereken is.

Hierdie bydrae het byna die geaardheid van 'n traktaat. Dit het ten doel om die kerk te motiveer tot 'n nuwe klem op die arbeidslewe - 'n tot dusver feitlik onbetrede terrein[2]

1 Prof. J.J. Kritzinger, Direkteur, Instituut vir Sendingwetenskaplike Navorsing, Univesiteit van Pretoria, Pretoria.

# 1. DIE AFWESIGHEID VAN DIE KERK IN DIE ARBEIDSLEWE

1.1 Die kerk loop gevaar om in sy bediening slegs te dink aan die kerk en nie aan die wêreld nie.

So maklik vergeet die kerk die duidelike beklemtoning van die Skrif, naamlik dat hy primêr geroep is om God te verheerlik, en wel deur sy optrede *in die wêreld*. Die kerk moet aan sy missionêre wese uitdrukking gee deur minder na binne gekeerd te lewe. Somtyds lyk dit asof die gemeentebou programme slegs daarop toegespits is om mense meer aktief te maak *in die kerk*. Gowland, die stigter van die bekende Luton College in

2 In Suid-Afrikaanse kerklike kringe kan verwys word na twee kongresse van die NG Kerk: in 1969 was die tema "Kerk en Industrie" en die 1984 kongres se referate is gepubliseer as Mens en Masjien. Pioniers in die bestudering van hierdie saak was dr Ernie Marais (1969) en dr PJ Jordaan (1971), terwyl die betrokkenheid van mense soos ds Willie Cilliers van NGKA en Rev Dale White van die CPSA gelei het tot die stigting van die "interdenominational Committees for Industrial Mission" (ICIM) waarin 'n wye verskeidenheid kerke saamwerk. Die NG Kerk het reeds byna 'n eeu 'n bediening aan "spoorwegwerk" aan die gang, met werkkragte wat die kerk voortdurend uitgedaag het tot groter betrokkenheid. Tog het net een streeksinode van die Ned Geref Kerk (Suid-Transvaal) 'n volwaardige kommissie wat hieraan en die arbeidsbediening in die breë, aandag gee. Demonstrasies het in die jare wat verby is al beginselbesluite oor die werk in die arbeidswêreld geneem, bv. die Metodiste Kerk asook die NG Sendingkerk in 1991 (om net twee te noem), maar nog steeds bly dit die aspoestertjie in die kerklike lewe.

Die gedagtes wat volg, berus op navorsing wat skrywer gedurende 1993 landswyd onderneem het. Dit raak natuurlik slegs een aspek van 'n groot saak, wat vroeër as "Nywerheidsbediening" bekend gestaan het. Die volgende stellings kan beskou word as die distelasie van vele gesprekke, praktiese waarneming en heelwat leeswerk. Die ander aspekte van die evangeliebediening in die arbeidslewe (soos bv. die teologiese motiewe die verskillende benaderings wat gevolg kan word, die beskrywing van praktiese modelle van betrokkenheid en die belangrikste gegewens oor die Suid-Afrikaanse konteks) sal hopelik in ander publikasies 'n neerslag vind. Die NG Kerk se Algemene Kommissie vir Sending en Evangelisasie(AKSE) word hartlik bedank vir die finansiële ondersteuning van die projek.

Die "people group" benadering van die AD2000 beweging en sy affiliale is waarskynlik die mees dinamiese rigting in die wêreld van vandag. Groot klem word gelê op "a church for every people by the year 2000". Die onbereikte mensegroepe word geïdentifiseer en die spesifieke verantwoordelikheid van bepaalde kerke of genootskappe gemaak deur die sg. "Adopt-a-People" projek. Hierdie mensegroepe word egter grootliks in tradisionele kategorieë beskryf. Na my wete is daar nie in hierdie kringe strategieë ontwerp om die mense se arbeidslewe binne te dring nie.

Engeland (wat as sentrum dien vir 'n groot aksie in die industrieë), se leuse vir sy gemeente was: "Keep the church dark!" Die lig moenie (net) in die kerkgebou skyn nie, maar daar buite, was sy mening (Marais 1969: 228).

1.2 Die kerk loop gevaar om sy bediening in die wêreld slegs te sien in terme van die bereiking van mense van bepaalde geografiese gebiede (of taal- en etniese groepe).

In die missionêre opbou van die kerk word die klem feitlik uitsluitlik gelê op die bereiking en bediening van gespesifiseerde groepe mense, wat meestal identifiseer word op grond van òf hulle woonplek, òf hulle besondere taal- of etniese verband. Natuurlik is hierdie fokus op "onbereikte" groepe van die grootste belang, en dit is sekerlik te verwelkom as daar op 'n omvattende wyse met sulke groepe omgegaan word, maar... .

1.3 Die kerk loop gevaar om sy bediening slegs af te stem op mense se woonplek. Die ongelukkige feit is dat die kerk in sy bediening feitlik eksklusief op die mens by sy woonplek fokus. Vroeër dae het die hele lewe om die huis en haard gedraai, daar was geen skeiding tussen die private, openbare en religieuse sfere nie, die tuisplek was ook die werksplek. Die kerk het maar een locus gehad waar mense bereik en bedien moes word. Dit is egter lank nie meer so nie. Die lewe het veel meer kompleks geword. Mense het mobiel geword, pendelaars tussen blyplek en werkplek.

1.4 Die hedendaagse mens vind sy/haar identiteit in 'n veel groter mate in die arbeidslewe as by die huis.. Die hedendaagse mens se lewe draai om die dagtaak.

Met die aanvang van die moderne industriële era, het daar 'n afstand tussen die woon- en werksplek ontwikkel. Mense het toenemend buitenshuis begin werk. Meer nog: 'n persoon se arbeid het grootliks sy/haar posisie in die samelewing begin bepaal - nie net by die werk nie, maar ook by die huis. Ook die woonbuurt waar 'n persoon woon (in die bo- of onderdorp), en die mate van leierskap wat van 'n persoon verwag word - in die maatskappy en selfs in die kerk! - word bepaal deur sy/haar status in die werksplek.

Die beroepslewe het sonder twyfel (in die praktyk) die belangrikste komponent van die moderne mens se lewe geword. Die werkende persoon bestee dan ook die oorgrote deel van sy/haar tyd en energie in die beroepslewe. Polanyi (by Marais 1969:109) het dit goed gestel as hy beweer dat "dit nie die ekonomie is wat in die sosiale relasies ingeweef is nie, maar die sosiale wat in die ekonomiese sisteme ingevou lê". Daarom, sê Marais, "dra (die bedryfsmens) die reuk en ritme van die onderneming na sy tuiste, sy

rekreasieveld en in al sy verhoudinge".

1.5 In die onlangse verlede het die kerk wel aan die verstedelikingsproses aandag gegee, maar nie in dieselfde mate aan die gepaardgaande veranderinge wat die werksomgewing te weeg bring nie.

Die kerk het die stad begin ernstig neem. Die kerk het besef dat verstedeliking 'n onstuitbare proses is. Verskillende stedelike gemeenskappe - die voorstede, die middestad, die (swart) woongebiede, die plakkerbuurtes - is vir aandag geidentifiseer, en baie werk is gedoen ten einde die kerklike strukture toepaslik te maak vir die stedelike omgewing.

Ongelukkig is nie soveel aandag gegee aan die dryfkragte agter die verstedelikingsproses nie. Mense kom nie maar stad toe omdat die blink liggies hulle trek nie. Dit is ekonomiese faktore - soos die relatiewe beskikbaarheid van werkgeleenthede, en die moontlikhede van 'n beter lewe - wat mense na die stad bring. Dit is die arbeidslewe wat nie alleen die mens na die stad bring nie, maar ook sy stempel op die stadsmens plaas.

In teenstelling met die herstrukturering van die gemeentelike bediening in die stad is daar egter nie genoeg denkarbeid ingesit in die herstrukturering van die kerk ten einde sinvol in die werksomgewing te funksioneer nie.

1.6 Waar die kerk wel aan die arbeidslewe gedink het, was dit slegs as 'n plek waar mense bereik kan word.

In die mate wat die werksplek wel aandag begin geniet het, was dit nog ingebed in die tradisionele geografiese siening: die werksplek word gesien as 'n plek waar groot getalle mense saamtrek, mense wat met die evangelie kan en moet bereik word. Geleenthede is dus gesoek om die evangelie in die werksplek te verkondig, of dit by wyse van klein biduurgroepies vir die christene is, of groot openbare evangelisasie geleenthede. Die feit dat die industriële lewens- en denkwyse die ganse samelewing omgekeer het, en dat die woonwêreld ook deur hierdie nuwe lewenswyse onomkeerbaar verander is, is nog nooit regtig verreken nie.

1.7 As gevolg van die kerk se praktiese afwesigheid uit die arbeidslewe beleef die meeste christene ook 'n kloof tussen die kerklike lewe en die werkslewe.

Omdat die kerk so feitlik uitsluitlik aan die woonwêreld georiënteer is, word die kerk met die voorstedelike privaatlewe en die vrye tydsbesteding geassosieer. Soos wat die kerk nog nie daarin kon slaag om die arbeidslewe werklik binne te dring nie, so vind lidmate dit moeilik om hulle godsdiens integraal in die werk uit te leef. Dit is vir hulle twee wêrelde, 'n weeks- en naweekswêreld. Die mees toegewyde lidmate dink dan ook meestal nie

verder as om bidgroepies op die been te bring nie. Die werkswêreld is nog nie met die evangelie bereik nie.

1.8 Die kerk, en by name die predikante, het 'n baie swak begrip van die werklikhede van die werksplek.

Predikante is ook werkers, beroepsmense, maar funksioneer tradisioneel (slegs) binne die parogiale sisteem. Predikante se opleiding is ook gerig op sy (en haar) bediening in die woonwêreld. Die teologie wat oor die eeue ontwikkel is, is eintlik nog 'n landelike en voorstedelike teologie. Die predikant is baie onbeslae op die eis wanneer dit by die groot vraagstukke van die werksplek kom. Terwyl dit te verwelkom is dat sommige studente reeds tydens hulle teologiese studie - en ander terwyl hulle op beroepe wag - die arbeidswêreld betree, is dit so dat hierdie ervaring meestal nie tot 'n verrykende ondervinding van die arbeidslewe begelei word nie.

Ons kan nie veel anders as om te konkludeer:

1.9 Die arbeidswêreld verteenwoordig 'n vir die kerk nog grootliks onontdekte en onbereikte missionêre uitdaging.

1.10 Voordat die kerk enige positiewe rol in die arbeidslewe kan speel, sal hy 'n betekenisvolle teenwoordigheid moet ontwikkel. Die aard van hierdie teenwoordigheid sal deeglik oorweeg moet word.

'n Christelike teenwoordigheid is 'n voorvereiste vir enige bediening. As ons vasgestel het dat die kerk wesenlik afwesig is in die arbeidswêreld, dan is die gevolgtrekking heel duidelik, nl. dat die kerk hier soos vanouds 'n "onbereikte gebied" moet betree. Daarvoor moet die gewone stappe geneem word: deeglike terreinverkenning; die oproep van werkkragte; goeie voorbereiding; en die grondige ontwerp van benaderingswyse, op grond van die ervarings en nadenke van ander wat reeds vroeër die leemte ontdek en in die arbeidslewe begin inbeweeg het.

## 2 DIE TAAK VAN DIE KERK IN DIE ARBEIDSLEWE

2.1 In die mate wat die kerk wel in die werkswêreld inbeweeg het, was dit feitlik uitsluitlik om die Woord te verkondig.

Voorbeelde kan vermeerder word van kerklike en sendinginstansies wat geleenthede in die werksplekke reël vir evangelisasie uitreikings, of dan ten minste klein biduur- en getuienisgroepies. Van die mees aktiewe groepe gaan van die standpunt uit dat die kerk nie deur ander aktiwiteite van sy hooftaak - die verkondiging van die Woord - afgelei moet word nie.

2.2 Daar moet nie vergeet word dat die evangelieboodskap self van die

kerk vereis om op 'n omvattende wyse sosiaal betrokke te wees in die gemeenskap. Die kerk het beslis nie net die opdrag om te preek nie.

Die kerk se taak is nie slegs om individue met die evangelie te bedien nie, maar ook gemeenskappe, en wel in al die lewenskringe. Daar is nie terreine in die menslike bestaan wat prinsipieel buite die roepingsveld van die kerk is nie. Die lig van die evangelie moet op allerlei maniere die gemeenskap verlig, en dit deur woord en daad. Trouens, as die kerk hom nie aan mense in hulle nood steur nie, word die klank van die evangelie maar baie onsuiwer aangehoor.

2.3 Daar kan geen twyfel daaroor wees dat die Here sy kinders geroep het om sy getuies (verteenwoordigers) te wees op elke plek en in elke situasie nie. Die wêreld "buite" die plaaslike residensiële gemeente is dus weldeeglik 'n terrein waar die kerk teenwoordig moet wees.

"Julle sal My getuies wees in Jerusalem, Judea, Samaria, en tot aan die eindes van die wêreld", lui die mandaat wat Jesus aan sy volgelinge gegee het. Hierdie word in geografiese terme geformuleer, maar dit is baie duidelik - ook uit sy eie werksaamhede - dat dit 'n kwalitatiewe en diepte-dimensie het: in elke situasie waarin mense verkeer, moet die evangelie van die Koninkryk ingedra word. Die koningskap van Christus beteken immers dat geen terrein buite sy gesag kan of mag bly nie.

2.4 Die afval van die kerk en die prysgawe van die evangelie begin by die werksituasie. Daartoe dra die kerk by wanneer hy die werkers nie daarheen begelei en hulle ondersteun nie. Aan die ander kant sal die vrug van 'n betrokkenheid in die arbeidslewe ook deurwerk na die tuiste.

Die moderne verskynsel van die sekularisme, kind van die westerse wetenskaplike en tegnologiese gees, bring by die mens twyfel oor die waarde van die godsdienstige benadering. God as hipotese word nie meer as noodsaaklik geag nie, nog minder is die kerk deel van die moderne "mondige" mens se uitrusting. Lank voordat hierdie nuwe gees by die woonplek posvat, oefen hy al 'n invloed uit op die moderne werkplek. As die kerk die werkers aan hierdie gees prysgee, sonder om hulle in hierdie situasie te begelei met die evangelie, kan hy ondervind dat hy werklik irrelevant raak en teruggedring word tot 'n gevangenskap in die woonwêreld, in die mate wat daar nog 'n woonwêreld oorbly wat nie ook deur hierdie gees deurdronge is nie.

2.5 Dit is dus by uitstek in die arbeidswêreld dat die kerk gekonfronteer word met die groot geestelike verskuiwings van die moderne tyd.

Die moderne tyd staan in die teken van geweldige tegnologiese ontwik-

kelinge. Dit is veral in die arbeidslewe dat hierdie veranderinge neerslag vind, want dit is hier waar die nuwe tegnologie gebruik en in produkte vir die huis omgesit word. Tog is die tegnologie nie maar waardevry nie. Agter die tegnologie is 'n wêreldbeeld en 'n lewenshouding, en dit is hierdie *sekulêre* uitkyk wat die mens in die bedryf so grondig beïnvloed.

Die snelle tegnologiese veranderinge het egter ook die praktiese gevolg dat die werker steeds opnuut opgelei moet word om te kan tred hou. Aan die ander kant bly die kerklike lewe meestal tradisioneel en onveranderlik. Enersyds beantwoord dit aan die soeke van die werker na iets wat te midde van al die verandering tog vas en seker is, maar terselfdertyd dra dit daartoe by dat die kerk eintlik maar irrelevant word, 'n stokperdjie vir diesulkes wat wel daarvoor 'n trek het.

2.6 In die arbeidswêreld word perspektief verkry op die etiese en leerstellige strydpunte van die tyd.

Vele persoonlik-etiese sake wat die kerk besig hou, verkry 'n relatiwiteit wanneer die groot etiese vraagstukke van die arbeidswêreld aan die bod kom. Die etiese vrae rondom die oorlewing van 'n groot werkgewer te midde van 'n resessie, die besluite oor die afdanking van werkers, die regverdige hantering van looneise, die eerlikheid in onderhandelinge, die gevare van monopolieë, die noodsaak al dan nie van skof- en Sondagwerk, dit gee tog 'n ander perspektief op die debatte oor Sondagsport! Die eenvoudige en naïewe seksuele moraal verkry dieper dimensies wanneer rekening gehou word met verskynsels soos die oorbewoning van huise en die probleme van trekarbeid en hostelbewoning.

2.7 In die arbeidswêreld kan die groot politieke en ekonomiese sake nie vermy word nie.

Die vroomklinkende besluit om "politiek uit die kerk te hou" is nie alleen onuitvoerbaar nie, maar kom neer op ongehoorsaamheid aan die roeping van die kerk. As die arbeidslewe van die mense ernstig geneem word, en die lig van die evangelie ook daar moet val, kan en moet die groot etiese en beginselvrae nie vermy word nie. Die politieke en ekonomiese ideologieë wat ten grondslag van die inrigting van die arbeidswêreld lê, moet getoets word, en met die ekonome moet daaroor in gesprek gegaan word. Daarmee is nog niks gesê oor *hoe* die kerk hierdie vraagstukke moet aanpak nie, maar *dat* dit noodsaaklik is, behoort erken te word.

2.8 Die betrokkenheid van die kerk in die arbeidswêreld sal sowel pastoraal as profeties moet wees.

In die arbeidslewe sal die kerk pastoraal betrokke moet raak by mense

op die verskillende vlakke van die organisasies. Maar daarmee sal nie volstaan kan word nie, want ook die strukture van die werksplek sal onder die profetiese soeklig moet kom. Die kerk sal in groot afhanklikheid van die Heilige Gees die aanvoeling moet ontwikkel om te weet hoe om die streng profetiese en sagte pastorale benaderings te balanseer.

2.9 In die werksplek - soos elders - sal die diakonale en die kerugmatiese dimensies van die kerk se bediening nie geskei kan word nie.

Die werksplek moet juis betree word omdat die mens nie net in sy een dimensie - sy privaat- en ontspanningslewe - bedien moet word nie, maar die hele mens ernstig geneem moet word. Uiteraard sal die volle omvang van die evangelie dan ook op die spel kom. Dit gaan nie net oor die bereiking van die werker met die Woord nie, dit gaan ook om die liefdesdiens aan mense in die noute, en die opbou van die geloofsgemeenskap met mense wat voor ernstige lewensvrae te staan kom.

2.10 Terwyl die kerk wel in sy denominasionele gestalte in die woon wêreld kan optree, is dit onmoontlik dat die arbeidslewe anders as ekumenies betree kan word - nie alleen organisatories nie, maar ook met 'n ekumeniese gesindheid.

Die bedryf kan nie toegang verleen aan 'n veelheid van "sektariese" organisasies nie, alleen aan die gesamentlike verteenwoordiging van 'n godsdiens, mits geoordeel word dat dit 'n diens kom lewer wat opbouend en in belang van die werkers - bestuur en werknemers - is. Die arbeidswêreld kan dus as katalisator dien om die kerke 'n gesamentlike aksie te laat onderneem, wat onder minder dreigende omstandighede meestal nie moontlik blyk te wees nie.

## 3 DIE SUID-AFRIKAANSE ARBEIDSWÊRELD

3.1 Terwyl die kerk en die meeste werkers nog moeite ondervind om die konsekwensies van die Industriële Revolusie te verwerk, het die Informasierevolusie die arbeidswêreld alreeds weer grondig verander.

Die industrialisering van die wêreld het deur verskillende fases gegaan. Die ontwikkelinge van masjienerie en stoomkrag was maar net die begin. In ons eeu is die kommunikasiestelsels ongelooflik verbeter, en die jongste ontwikkelinge van die mikro-elektronika het die rekenaar op die troon geplaas. Kennis/informasie is mag, en vandag is soveel inligting by die mens se vingerpunte beskikbaar, en is die beheer oor stelsels so volkome, dat die werksomgewing alweer heeltemal verander het. Die werker kan nouliks

tred hou. Kan die kerk die werker deur hierdie vervreemdende ervaringe begelei as hy 'n veilige afstand bewaar?

3.2 In Suid-Afrika is dit waarskynlik in die arbeidslewe, meer nog as elders, dat die grondige verskille tussen die leefwêrelde van die blankes en gekleurdes die sterkste in fokus kom.

Die werksplek bring mense skouer aan skouer. Kontak is hier nie te vermy nie. Baie min in die kerklike lewe tuis berei die werkers voor op hierdie soort kontak en interafhanklikheid. Dit word vir die ernstige mens baie gou duidelik dat twee wêrelde hier verteenwoordig word. Die twee historiese en kontekstuele leefwêrelde skep spanninge. Dit is nie alleen die arbeids*tradisies* van die blankes en swartes wat grondig verskil nie, maar die verskil tussen hulle onderskeie lewens*omstandighede* is amper nog groter.

3.3 Dit is waarskynlik in die arbeidslewe, meer as elders, dat die rasgeskeidenheid van Kerke die kerk se getuienis in die wêreld verswak het. Die rasse-afstand in die woonwêreld het die reeds gemelde skeiding tussen woon- en werkwêreld nog verder verswaar.

Hier het die kerk die werker in die steek gelaat. Die christengemeenskap se geskeidenheid het aan die werker die geleentheid ontneem om "van huis uit", en in die warm atmosfeer van die gemeenskap van die gelowiges, die ander te leer ken en verstaan. Terwyl dit reeds vir die werker bitter moeilik is om met 'n christelike perspektief in die werksplek te funksioneer, moet hulle in verhoudings funksioneer waarvoor hulle ook geensins voorberei is nie.

3.4 Terwyl die blanke werker in die industrie of kantoor 'n tradisie van 'n hele aantal geslagte voortsit, is dit vir die grootste sektor van die arbeidsmag - die swartes - 'n nog onverwerkte nuwe ervaring.

Een van die belangrikste verskille tussen die twee leefwêrelde is die kulturele agtergrond. Die arbeidskultuur van Afrika berei die swart werker in geen opsig voor op die eise van die (westerse) werksomgewing nie. Sy arbeidslewe is wesenlik in botsing met sy verlede. In die gemeenskaps- en familielewe word 'n verloorstryd gestry om die ou strukture en gebruike nog aan die gang te hou.

3.5 Terwyl vir die meeste blanke werkers die pendeling tussen werkplek en woonplek relatief maklik is, en die rustige woonplek kan dien as 'n plek van verfrissing, is dit vir die gemiddelde swart werker nie beskore nie. Sy/haar woonplek is deel van die groter probleem van die arbeidslewe.

Die skeiding tussen die werk- en woonplek moet nie oorbeklemtoon word nie. Wat wel beklemtoon moet word, is dat dit die gees van die

werkplek is wat die botoon voer, wat die woonwêreld binnedring, en nie in dieselfde mate andersom nie. Die werker wat 'n goeie betrekking met 'n redelike inkomste beklee, en polities-sosiaal persoonlike vryheid geniet, kan sy/haar woonplek volgens smaak uitkies en inrig. Daar vind die werker rus en vrede. Die woon is meer as blote slaap, dit is ook verkwikkend. Dit maak die volgende skof by die werk moontlik. Vir die trekarbeider, of die een wie se vryheid van beweging beperk is, die werker met 'n karige loon, is die woonplek dikwels voorgeskryf, of laat min keuse toe. Vir die werker wat vanaf die werk na 'n hostel of kampong, of na 'n geweldgeteisterde swart woonbuurt terugkeer, is daar baie min rus. Hierdie (swart) werker se longe kan nie - by wyse van spreke, maar ook letterlik! - met vars lug gevul word nie.

3.6 Terwyl die skeidingsmaatreëls van 'n diskriminerende verlede die woonwêreld van die swartmens pynlik getref het, het hierdie maatreëls in die arbeidslewe 'n nog meer ingrypende eksistensiële effek gehad, wat die ganse toekoms van die werkers nadelig beïnvloed het.

Die normale manier waarop 'n persoon materieel kan vooruitgaan, is deur nougesette werk en spaarsamigheid, permanensie en bevordering by die werk, 'n gaandeweg beter inkomste. As mens weens omstandighede buite jou beheer nie toegang tot goeie opleidingsgeriewe kon kry nie, permanensie by die werk wetlik onmoontlik was, en bevordering jou nie beskore was nie, net omdat jy swart is, dan is 'n knellende demper oor jou hele toekoms geplaas. Die werker waarteen gediskrimineer word, word in feite gevonnis tot 'n minderwaardige bestaan. Ongelukkig is dit steeds waar in die werksplek, selfs al het hierdie soort diskriminasie al lankal opgehou, want die effek daarvan duur vir 'n leeftyd. (Trouens, die regstellende aksie van die toekoms gaan weer 'n ander teikengroep soortgelyk tref.) Hierdie soort werklikhede is die daaglikse brood van die hedendaagse werker.

3.7 Die stygende werkloosheid - die gevolg van vroeëre ekonomiese en politieke beleidsrigtings - dien talle swart gemeenskappe die finale nekslag toe.

Regstellende aksie sou kon help om hulle wat gely het onder die vroeëre diskriminerende beperkinge weer op hulle voete te kry, maar nou maak die knellende resessie dit onmoontlik. Noudat daar hoop behoort te wees vir die verontregte werkers, is daar grootskaalse werkloosheid. Dit is die strooi wat die rug van talle gemeenskappe en families finaal knak. Daar is nie reserwes om op terug te val nie. Wat die pil nog bitterder maak om te sluk, is die besef dat ook hierdie swak ekonomiese landsomstandighede in 'n groot

mate te wyte is aan dieselfde beleidsrigtings wat die persoonlike lewensstandaard so beperk het. Hoe kan van sulke mense verwag word om die politiek uit die werkplek te hou?

3.8 Die onsekerheid wat alle werkers deesdae weens die sterk afswaai in die ekonomie in die werkplek beleef, is iets wat die swart werkers al vir dekades ondervind.

Die meeste swart werkers was op kontrak. Instromingsmaatreëls het verseker dat die werkers net tydelik in die industrie kon werk, en te enige tyd weggestuur kon word. Werkloosheid is lankal reeds endemies in die swart gemeenskap. Die negatiewe effekte van 'n werksonsekerheid word deesdae deur bestuurskundiges en sielkundiges uitgewys en hanteer, maar vroeër was dit as normaal beskou dat die swart werkers in so 'n omgewing moes funksioneer, en nogtans hoë produktiwiteit moes bereik.

Die arbeidslewe gaan inderdaad gebuk onder 'n baie swaar historiese las. Kan die kerk die mense op die voorposte help om hierdie stuk skuld te hanteer en genesing te bring?

3.9 Die gespanne arbeidsverhoudinge in die werksplek het nie alleen te doen met griewe van die verlede nie, maar word vererger deur die afwesigheid van 'n gegronde arbeidsetiek.

Dit is baie duidelik, maar ook verstaanbaar, dat die arbeidswêreld 'n politieke slagveld geword het. Waar die politieke ontevredenheid tevore met sterk arbeidswetgewing onderdruk kon word, was dit sedert 1979, toe die reg op vrye assosiasie erken is, een van die min terreine waar die politieke stryd openlik gestry kon word. Natuurlik bring hierdie optrede ernstige spanning, nie alleen tussen bestuur en werkers nie, maar ook tussen lede van die verskillende vakbonde. Werkersregte word nou van verskillende kante geproklameer, maar dikwels sonder die gepaardgaande aanvaarding van verantwoordelikhede. In hierdie situasie is daar 'n groot behoefte aan sterk etiese riglyne ten opsigte van arbeidsverhoudinge, en 'n etiek van werk as sodanig. Die kerk behoort hierin 'n rol te speel, maar dan sou hy in die arbeidslewe teenwoordig moes wees.

3.10 Die ekonomiese beleidsrigtings wat hulle neerslag vind in die arbeidslewe is in die verlede feitlik uitsluitlik gerig deur ideologiese en/of materialistiese oorwegings. Hier behoort egter ander etiese beginsels ook 'n rol te speel.

Die ekonomie is in die verlede ingespan vir die bereiking van ideologiese politieke ideale. Daarom is die kapitalistiese en vryemark benadering tot ontwikkeling, wat met die apartheidsbewind geassosieer is, teengestaan met

'n alternatiewe ideologie, nl. bevryding en sosialisme. Die arbeidslewe het gevolglik die slagveld geword in die stryd tussen 'n aantal materialistiese ideologieë. Die Suid-Afrikaanse ekonomiese lewe het die inset van kundiges nodig om ook met ander beginsels rekening te hou. In hierdie gesprek sou die kerk sekerlik die beginsels van rentmeesterskap, en die prioriteit aan die welsyn van die armstes op die tafel moes plaas.

## BIBLIOGRAFIE

COCHRANE JR & WEST GO (EDS)
1991. *The three-fold cord. Theology, work and labour.* Pietermaritzburg: Cluster Publications.

JORDAAN PJ
1971. *Die sosiale probleme en taak van die kerk in die industriële gebied.* Kaapstad: Tafelberg.

LOUW DJ
1980. *Die stad in die mens: Oor kerk-wees vandag.* Pretoria: NGKB.

MARAIS EJ
1969. *Pastorale sorg aan die mens in die bedryf.* Roodepoort: CUM.

NG KERK
1969. *Kerk en Industrie.*

NG KERK
1984. *Mens en masjien. Die roeping en taak van die kerk in die industriële wêreld.*

UMPUMULO
1970. *Migrant labour and church involvement.* Umpumulo: Missiological Institute.

VORSTER WS (ED)
1983. *Church and Industry.* Pretoria: Unisa.

VORSTER WS (ED)
1992. *On being unemployed and religious.* Pretoria: Unisa.